

God se mure om ons huise

Nooit mag ons gebede in ons huislike lewe opdroog nie. Isak bou eers sy huis sonder gebed. Die oomblik toe God nie meer 'n plek in sy gesin se besluite, wense, beplanning en optrede kry nie, loop dinge lelik skeef. Isak bou 'n huis tussen die Filistyne in Gerar. Daar graawe hy die putte van sy vader Abraham oop, nogal op bevel van die Here (vs 2). Sy huis staan nou onder die heidene in die vreemde en hy het niemand om op terug te val nie. Dit gee vir Isak 'n gevoel van onsekerheid en onveiligheid. As sy gesin bly bid het sou hulle God se beloftes gehad het waarop hulle kon bou, maar nou bekruip die sonde Isak. Hy probeer sy huis beskerm sonder die Here en sy seën en dan kom die krake in sy huis. Eers probeer hy sy huis met liegstories oor sy vrou Rebekka aanmekaar hou. Dan gebruik hy bykans al sy tyd om die twis en rusie, afguns en jaloesie tussen sy werkers en die Filistyne op te los. Sonder die Here word Isak se huis al onsekerder. Eindelik word die wêreld vir Isak te nou as die Here al Isak se selfgemaakte mure om sy huis ómtrek en Isak dieper die woestyn moet intrek. Selfgemaakte mure kan nie bly staan nie (Ps 127:1): "As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou tevergeefs." Van al Isak se bouwerk in Gerar bly net bouvalle oor.

Genadiglik bring die Here vir Isak tot inkeer as hy Berseba toe trek. Die vraag is nou: Hoe bou jy 'n huis in die woestyn? Hier is alles dor, bar, kaal en leeg. Jy sien net sand en vlakke. Die Here vat ons dikwels die bar woestyn in sodat ons net op Hom kan vertrou, op ons knieë voor Hom kan staan vir die bou van ons huise en die mure om ons huise. Nou maak Isak nie weer 'n fout nie (vs 25): "Isak het daar 'n altaar gebou en die Naam van die Here aangeroep." Hy slaan weer tente op, graawe weer putte en bou weer 'n muur om sy huis. Nou is alles egter só anders. Daar is 'n gebedsmuur om hom. Sy huis is veilig. Die Here is nou die vestingmuur om sy huis. Hy verseker Isak dat Hy nou by hom is (vs 24). Isak se woonplek het sy bidplek geword.

Dat huis en gebed één kan wees, daarvoor maak die Here voorsiening deur Jesus Christus. Christus het geen woonplek gehad nie. Hy word selfs deur sy Vader verlaat sodat jy deur sy kruisoffer vandag jou huis by 'n altaar kan hê en jy en jou huis saam met God mag lewe. Is jou huis nog met gebedsboustene gebou?

Sing: Psalm 134:1, 2, 3

Ds. TJ Potgieter (Bloemfontein-Noord)